

Skriflesing: Deuteronomium 33:1-15; 24-29Teks: **Deuteronomium 33:25**Sing- **Ps. 107:1,5; Ps. 119:3; Ps. 71:1,6,9; Ps. 105:1,10****Deuteronomium 33:1-15; 24-29**

Deu 33:1 En dit is die seën waarmee Moses, die man van God, die kinders van Israel geseën het voor sy dood.

Deu 33:2 En hy het gesê: Die HERE het gekom van Sinai en vir hulle opgegaan van Seïr af; Hy het in ligglans verskyn van die gebergte Paran en gekom van heilige tien duisende af; aan sy regterhand was vlammende vuur vir hulle.

Deu 33:3 Ja, Hy het die stamme lief. Al sy heiliges—hulle is in u hand; en hulle was gelaer by u voet; elkeen ontvang iets van u uitsprake.

Deu 33:4 Moses het ons die wet beveel, 'n besitting vir die vergadering van Jakob.

Deu 33:5 En Hy het Koning geword in Jesúrun, toe die hoofde van die volk vergader het, die stamme van Israel almal saam.

Deu 33:6 Laat Ruben lewe en nie sterwe nie, en laat sy manne 'n aantal wees.

Deu 33:7 En dít vir Juda, en hy het gesê: Hoor, HERE, die stem van Juda, en bring hom na sy volk toe; met sy hande het hy geveg vir hulle, en wees U vir hom 'n hulp teenoor sy teëstanders.

Deu 33:8 En van Levi het hy gesê: U Tummim en u Urim is vir die man, u gunsgenoot, u wat deur U beproef is in Massa, met wie U getwis het by die waters van Mériba;

Deu 33:9 wat van sy vader en sy moeder gesê het: Ek sien hom nie, en sy broers nie erken het en van sy seuns niks geweet het nie; want hulle het u woord bewaar en u verbond gehou.

Deu 33:10 Hulle sal Jakob u verordeninge leer en Israel u wet; hulle sal reukwerk voor U neerlê en 'n voloffer op u altaar.

Deu 33:11 Seën, HERE, sy krag, en laat die werk van sy hande U welgevallig wees; verpletter die lendene van die wat teen hom opstaan en hom haat, sodat hulle nie kan opstaan nie.

Deu 33:12 Van Benjamin het hy gesê: Die beminde van die HERE—hy sal veilig by Hom woon; Hy beskerm hom die hele dag en woon tussen sy berghange.

Deu 33:13 En van Josef het hy gesê: Geseënd deur die HERE is sy land met die kostelikste gawe van die hemel, met dou en met die wêreldvloed wat onder lê,

Deu 33:14 en met die kostelikste voortbrengsels van die son en met die kostelikste gewasse van die mane

Deu 33:15 en met die vernaamste voortbrengsel van die berge van die voortyd en met die kostelikste gawe van die ewige heuwels ...

Deu 33:24 En van Aser het hy gesê: Geseënd is Aser bo die seuns; laat hy die liefling van sy broers wees, en een wat sy voet in olie insteek.

Deu 33:25 Mag jou grendel yster en koper wees, en jou sterkte soos jou dae.

Deu 33:26 Niemand is daar soos God, o Jesúrun, wat oor die hemel ry as jou hulp, en oor die wolke in sy hoogheid.

Deu 33:27 Die ewige God is 'n woning, en onder—ewige arms; en Hy het die vyand voor jou uit verdrywe en gesê: Verdelg!

Deu 33:28 So het Israel dan veilig gaan woon, die bron van Jakob in afsondering, in 'n land van koring en mos; ja, sy hemel laat dou afdrup.

Deu 33:29 Welgeluksalig is jy, o Israel! Wie is soos jy? 'n Volk wat deur die HERE verlos is, die skild van jou hulp en wat die swaard van jou hoogheid is, sodat jou vyande julle al kruipende aan jou onderwerp; maar jy sal op hulle hoogtes stap.

Skriflesing: Deuteronomium 33:1-15; 24-29

Teks: Deuteronomium 33:25

Sing- Ps. 107:1,5; Ps. 119:3; Ps. 71:1,6,9; Ps. 105:1,10

Hier aan die begin van die jaar het ons dit ook weer gedoen en dit baie gehoor. Broeder en suster, ons as mense wat mekaar 'n geseënde jaar toebid. Op baie maniere het ons hierdie seën en krag van die Here so nodig in wat vir ons voorlê. In wat ons in Deuteronomium 33 lees het ons in 'n sekere sin met dieselfde te doen as wanneer mense mekaar die Here se genade en seën toebid. Dit gaan in God se Woord net nog baie dieper en verder. Ons het in Deuteronomium 32 'n lied van Moses en in Deuteronomium 33 bepaalde seëninge wat Moses oor elk van 12 stamme van Israel uitspreek. Moses se lied, Moses se profesie wat dig teen mekaar lê.

Dit wat Moses oor elke stam sê sluit ook weer baie nou aan by wat Jakob al baie jare voor Moses in Genesis 49 oor elk van sy 12 seuns gesê het. Elke seun wat eintlik maar die voerpunt van 'n bepaalde stam in Israel was, het al uit die mond van Jakob gehoor die dinge wat hulle gaan ontvang, dinge wat hulle gaan oorkom, dinge wat hulle verwagtinge kan inkleur, maar ook die swaar en die moeilike dinge kom daarmee saam.

Baie duidelik het ons in hierdie seëninge te doen met 'n toekomsverwagting, wat aan die begin van 2015 nie anders is nie. Steeds het ons te doen met 'n toekomsverwagting. Om as gelowige oor jou toekoms te praat het ons altyd die voorreg om oor God se verbond met jou en my te praat. Hierin is Deuteronomium in besonder besig. By uitstek kan ons die hele boek noem 'n verbondsboek. Vanaf Deuteronomium 5 tot Deuteronomium 26 moet ons dit alles met 'n verbondsbril lees, waar baie seëninge, baie beloftes en verwagtinge uitgeskrywe staan, maar hierdie seëninge en beloftes komplementeer God se Wet en duidelike voorskrifte. Kyk ook maar mooi na Deuteronomium 28 dat die goeie van die Here, die seëninge van die Here het elke keer 'n direkte verband met hoe sorgvuldig daar met God se gebooie en bevele gehandel word.

God het laat neerskrywe deur sy dienaar Moses, besondere seëninge en verwagtinge wat alleen vanuit die verbond kan realiseer. In al hierdie seëninge en ja ook gebede wat ons in Deuteronomium lees is daar die dinge wat oor die hele Israel uitgespreek word, maar dan kom ons ook weer by die dele waar daar daar spesifiek dié en dié stam uitgesonder word en dan in

Totiusdal- 11 Jan 2015; Pretoria - 18 Jan 2015 (Diamantvallei.....)

afsondering kan hierdie en hierdie stam hulle so en so op die Here se seëninge en selfs ook vervloekinge voorberei.

So kom ons dan aan die einde van Deuteronomium wat dui op die einde van die 120-jarige Moses se lewe en ons kom ook by die laaste van die stamme van Israel. Aser, deel van die stamme wat die vërste noord sou moes bly en oor Aser word hier iets besonders gesê. In ons Afrikaanse vertalings lees ons dit net weer: **24** *En van Aser het hy gesê: Geseënd is Aser bo die seuns; laat hy die liefeling van sy broers wees, en een wat sy voet in olie insteek.* **25** *Mag jou grendel yster en koper wees, en jou sterkte soos jou dae.* Oor die einde van hierdie besondere woorde oor Aser uitgespreek het ons 'n ander vertaalmoontlikheid wat my in besonder aangryp. Die woord vertaal vir *grendel*, wat daarop dui dat sy hekpoorte, die ingang tot sy woonplek yster en koper sal wees, het baie van die ander vertalings dit as dat sy **skoene** yster en koper mag wees.

In die verband kom dit daarop neer dat Moses vir Aser in hierdie laaste wens, in hierdie testament wat Moses oor die 12 stamme aankondig, 'n besondere seënbede uitspreek dat Aser ysterskoene vir sy ruwe paaie sal ontvang. Wat sit net nie hieragter nie?! As ons aan die begin van die jaar dit ook vir mekaar so mag stel. Mag daar yster onder jou skoene wees...!

Nou weet ons of dit gaan oor die yster in jou grendels of die yster onder jou skoene laat in alle geval die seënbede duidelik daarop wys dat God ken elke stam se besondere omstandighede en uitdagings wat daar voor hulle gaan lê. Selfs het die Here geweet Aser jy gaan in 'n baie vrugbare streek jou kan vestig, olyfbome gaan daar welig kan groei, *jy sal jou voete in die olie kan steek*, wat baie duidelik op 'n voorreg dui wat min van jou broers, min van die ander stamme gaan met soveel olie, olyfolie uit hulle eie grond geseënd wees. Jakob het al by die eerste seëning van Aser gepraat *van sy spys is vet, hy lewer koninklike lekkernye* (Gen. 49:20), nou kan volgens Moses selfs sy voete die koninklike ingestek word. maar hier kom die yster onder die skoene nou te pas. Voor jy jou voete in die olie sal kan steek, moet jy besef jou blyplek, die grond waarbinne daardie olyfbome sal moet groei, gaan rof en rotsagtig wees. Daar sal jy nie met gewone sagte skoene kan beweeg nie. Jou voete wat eers op harde grond sal moet kan trap voor dit by die olie sal kom.

Die ander stamme het in die opsig dit makliker gehad. Ruben sou woon by die vlaktes suidoos van die Jordaan. Benjamin kry die vrugbare middelste deel, maar Aser jou gebied bestaan 'n baie groot deel uit die ruwe rotstagtige bergstreek in die noordweste. Om daar te bly vereis 'n harde lewe al gaan dit in baie opsigte gepaard met 'n rykmanslewe. Ons lewens in 2015 verg ook dikwels yster onder ons skoene of as u dan die ander vertaling verkies, yster in ons hekke. Die dinge waarnatoe ons sal moet beweeg verg die regte skoene, net so middels die dinge wat ons moet beskerm, sterke grendels, het yster nodig. As die lewe maklik was m.a.w. ons pad deur die lewe sou 'n sagte pad wees met sand en blomme dan sou sagte skoene goed genoeg wees. In wat Moses vir Aser sê kan hy maar by voorbaat weet daar gaan skerp rotse, rowwe klippe, harde grond wees wat 'n groot deel van hierdie gebied ook is.

In wat Aser van Moses moes hoor is wat ons in alle geval as gelowiges op baie plekke en op baie ander maniere ook vanuit God se Woord hoor. Jesus wat vir die gelowiges van alle eeue in sy eerste preek, die Bergpreek al gesê het- Matt. 5:10-11 -**10** *Salig is die wat vervolg word ter wille van die geregtigheid, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele. 11 Salig is julle wanneer die mense julle beledig en vervolg en valslik allerhande kwaad teen julle spreek om My ontwil. 12 Verbly en verheug julle omdat julle loon groot is in die hemele; want so het hulle die profete vervolg wat voor julle gewees het.*

Daar is vir die gelowige 'n aanhoudende stryd, 'n aanhoudende harde rotspad om te stap- Jesus het dit eintlik so dikwels nog weer op ander maniere gesê- Luk. 9:23: *En Hy sê vir almal: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis elke dag opneem en My volg.* Dink ook aan Luk. 9:62: *Niemand wat sy hand aan die ploeg slaan en agtertoe kyk, is geskik vir die koninkryk van God nie.* Hiermee saam Luk. 13:24: *Stry hard om in te gaan deur die nou poort, want baie, sê Ek vir julle, sal probeer om in te gaan en sal nie in staat wees nie.* In hierdie uitsprake is die rotse op die pad wat ek oor moet kom om nie te veel van myself te dink nie, selfverloëning is so nodig en so belangrik in God se koninkryk. Nog 'n ander rots is ons moet vorentoe gaan en nie die verlede wil romantiseer en maak asof dinge in die verlede makliker was nie. 'n Ploeër wat bly agtertoe kyk se werk kan nie regtig vorder nie. Dikwels loop ons rotspaaie op besluite uit, waar dit gaan om die nou poort en ek weet daar is rotse wat die poort

Totiusdal- 11 Jan 2015; Pretoria - 18 Jan 2015 (Diamantvallei.....)

nou maak maar is ek bereid om deur dit te gaan. Jesus sê baie gaan dit probeer maar sal nie in staat wees nie.

Later dan bevestig Paulus ook maar hierdie rotspad waar ek yster onder my skoene sal moet hê, soos Timotheus dit moes hê as Paulus vir hom sê – Hier dink ons aan 1 Tim 6:12- *Stry die goeie stryd van die geloof, gryp na die ewige lewe, waartoe jy ook geroep is...* Ook 2 Tim 2:3: *Ly dan verdrukking soos 'n goeie krygsman van Jesus Christus.* Die skrywer van Hebreërs het ook in hfst. 12 gepraat oor wat op die rotspad moet gebeur- vers 1 *laat ons ook elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê...*

In die besef van hoe daar lelike rotse en skerp punte op ons wag, daar waar die yster onder die skoene moet trap, het Aser ook sou besef die skandvlekkie wat 'n moeilike terrein is om te betree. U weet wat 'n skandvlek is. In Judas vers 12 (ook 2 Pet.2:13) lees ons van mense wat skandvlekkie is. 'n Skandvlek is in die Grieks die woord *spilas* wat op 'n rots in die see dui. Daardie rotse wat se skerp punte net so onder die oppervlak van die water weggesteek is. Wanneer 'n skip daar naby kom en baie keer daarop te lande kom dan is dit in baie gevalle reeds te laat. Eintlik 'n ongesiene gevaar wat deur die seestrome al hoe gevaarliker en skerper word. As Petrus en Judas dan van mense as skandvlekkie praat dan is dit hulle wat ander se lewens vernietig, hulle maak wrakke van ander mense... Broeder en suster op ons lewenspad, die rotspad mag dalk dikwels ook vir u voel soos 'n seepad met baie mense wat nie jou goedgesind is nie, intendeel hoe uitmuntend kan mense wees om eintlik skandvlekkie vir ander te wees.

Weereens moet die yster van die skip regtig sterk wees om so verby die skandvlek te kom. In Aser se geval die yster onder die skoene, of die yster aan sy grendels, is bedoel dat mens daarmee moet kan werk en daarmee moet kan beweeg, jouself ook goed kan beveilig. 'n Ysterskoen is iets wat gereed is om daarmee berge te wil klim, hoogtes te wil bereik. Daar is niks mee verkeerd om vir jou hoë ideale te stel nie, hoë plekke vereis dikwels moeilike klim werk, waar die yster weereens so nodig is dat dit onder die skoene moet wees.

Tog het ons ook die wete dat yster onder die skoene, of yster aan jou hekpoort (jou grendel), moet dikwels ook lei na yster in jou siel. Interessant dan word dit eintlik die meervoud

Totiusdal- 11 Jan 2015; Pretoria - 18 Jan 2015 (Diamantvallei.....)

YSTERS. Ysters in die siel wat ons in die Psalm lees, Ps. 105 wat ook oor die lewe van Josef handel. Ps. 105:18: ¹⁸ *Hulle het sy voete in boeie geknel, hy self het in die ysters gekom...* Ja, hier sien ons iets van die proses wat die lewe homself dikwels mee herhaal. Die mens kom in die ysters sodat daar yster in die mens kan kom.

Dit laat ons beseft soos Moses vir Aser dit eintlik ook duidelik maak, daar is kompensasië op hierdie ruwe pad, ook agter die yster van jou grendels... Op die einde sal Aser baie olywe se olie kan versamel, hy sal sy voet wat nou maar eers 'n ysterskoen moes dra nou in die olie kan steek. Wonderlik dat die gebied waar Aser gebly het, het hulle ook yster uit die grond kon haal. Die harde dinge kompenseer dikwels om met die hardheid van die aard te beloon... Iets hiervan is seker ook die Spreukedigter se bedoeling as hy sê- *yster slyp yster...*

Hardheid is swaar maar tog so dikwels nie 'n onnodigheid nie. Dit laat jou voorberei met die wete as ek nie reg is nie, dan gaan ek seerkry. Is dit nie dalk maar ook 'n les vir die lewe nie. Jou siel wat in die ysters kom bring yster in jou siel, om dan nie daarmee op te hou nie, want die hardheid wat nou weer na jou siel gaan kom wil nog weer in die siel jou toets, is die ysters onder jou skoene genoeg, is daar genoeg yster in ons siele vir wat hierdie jaar mag voorlê.

Ons beseft dat die sienlike yster, word dikwels iets van 'n onsienlike. Dit wat nou jou en my siele moet inkom. Hiermee het Aser dan ook beseft die hoëre kan eintlik nooit bereik word sonder die onsienlike nie. Wie sien nou met die eerste oogopslag die yster onder die skoene, maar dit moet daar wees. Wie sien nou die yster in jou siel maar dit moet daar wees. Daarom dat ons vanuit die Woord dit dikwels moet hoor dat ek die onsienlike moet hoër beskou as die sigbare. My karakter moet vir my meer werd wees as geld. Die hoëre dinge is in alle geval net bereikbaar deur die onsienlike.

En die seerkry langs die pad is ook daar. Die yster kan nie waarborg dat niks verkeerd sal gaan nie. Ons weet hoe 'n skerp rotswand 'n voet kan seermaak. Ja, dink aan Hom wat die volmaakte weg betree het, hoe is sy voete nie met yster, met spykers deurboor nie?!

Totiusdal- 11 Jan 2015; Pretoria - 18 Jan 2015 (Diamantvallei.....)

Wanneer Jakob die eerste Aser seën, dit op sy sterfbed, dan sê Jakob *sy spys is vet, hy lewer koninklike lekkernye* (Gen. 49:20). Ja, tussen Jakob se sterwe en hier waar Moses kort voor sy dood met dieselfde bedoeling as Jakob se seëninge, nou die stamme seën, dan besef ons God se getrouheid. Hoe die dinge wat God ons toesê nie maar sommer wegval nie. God hou woord, dit mag ons altyd weet. Dit is hoekom God se verbond so betroubaar is, die verbond waarmee Deuteronomium in elke opsig eintlik mee besig is. Die dinge waarmee u hierdie jaar mee besig gaan wees, mag dit die ysterdinge van alle kante wees, maar mag dit begin met wat onder my skoene moet wees. Ysterskoene vir ruwe paaie.

AMEN